9 Oktober 2020
NG Gemeente Stellastraat

B L I T S N U U S

"Look straight ahead, nothing but blue skies!" - *Anton Pienaar*

"I can see clearly now" se skepper het sy oë toegemaak. Ek was 'n tiener in die 1970's wat nie sommer die Top20-treffersparade Vrydagaande op Springbokradio gemis het nie. Een van die melodieë wat in ons koppe vasgesteek het, was Johnny Nash se "*I can see clearly now*". Die melodie was vrolik en die woorde het 'n gees van optimisme gedra. Die afgelope week is Nash op die ouderdom van 80 jaar oorlede.

Wat ek nie geweet het nie was dat hy die liedjie geskep het terwyl hy herstel het van 'n katarak-operasie. Dit was 'n moeilike tyd in sy lewe, maar die gety was aan die draai. Die lewe word beter en hy skryf daar is 'n belofte van 'n *"bright sunshiny day"* en gaan voort om te sê: *"Look straight ahead, nothing but blue skies!"* Iemand het oor die liedjie gesê: *"2 minutes and 48 seconds of undiluted inspiration".*

Die jaar 2020 het 'n 'katarak' veroorsaak wat bykans alles in die wêreld laat struikel het. Dit is moeilik om te sien wat gaan gebeur. Maar stadig maar seker verskyn die blou lig. Ons sien al hoe helderder. Ons word meer bewus van die kosbaarheid van lewe, van ons gesondheid, van die mense wat betekenis in ons lewens gee. Die hoop beskaam nie.

Dankie vir jou begrip oor die regulasies!

Dankie vir die groot begrip dat ons bewegings nogsteeds deur die Covid-regulasies bestuur word. Wat ons gemeente bewegings en aktiwiteite betref, herinner ons mekaar opnuut:

Jy moet asseblief in die week laat weet as jy die erediens op die betrokke Sondag gaan bywoon. Gebruik die skakel wat aan jou gestuur is, of skakel die Kerkkantoor. Ons kan darem nou al 100 of wat mense in die erediens wees, en ons kan sing! Dit word van ons verwag om maskers te dra, ons hande te saniteer en kan ongelukkig nog nie tee drink na afloop van die erediens nie.

Vir eerskomende Sondag word daar reën verwag. Dalk moet jy bietjie vroeër kom want ons moet die ingange beter beheer. Almal moet asseblief Sondag deur die binnehof in die kerk in beweeg.

En wanneer gaan ons weer saam kuier in die binnehof met 'n koppie tee in die hand? Al is daar teenstrydige gebruike in die samelewing, is dit ons verantwoordelikheid om voorbeeldig te bly. Na afloop van die Oktober-skoolvakansie sal ons die situasie en die regulasies weer beskou en hopelik kan ons dan ander planne maak.



Sondag 11 Oktober se geleenthede

Sondag se **08:30 erediens** word deur James gelei uit Jesaja 1:10-17. Die tema is *"Godsdiens kan gevaarlik wees".* Die **10:00 erediens** word deur Tienie gelei. Die tema is *"Die vere maak nie die voël nie"* en die teks is Genesis 39:16-23.

Die **18:00 erediens** word deur Fay gelei. Die tema is *"Etikette is vir bottels – nie vir mense nie",* en die skriflesing is Johannes 8: 1-11.

Die **Kleuterkerk** is weer voluit aan die gang tydens die **10:00** diens. Ouers met voorskoolse kleuters is welkom om hulle kleinspan vanaf 09:45 weer na die Kleuterkerk lokale (in die biblioteek) te bring. Die groepleiers is gerat om tydens die diens die jongspan besig te hou met Bybelverhale en handaktiwiteite. Daar is nie meer 'n Kleuterkerkvideo nie maar as daar 'n oulike video oor die tema is, sal ons dit vir die ouers laat weet. Hierdie week gaan ons verder oor die verhaal van Josef gesels en die kinders gaan 'n boekie met Josef se klere maak.

Die **Adoramusdiens** sal steeds in die vorm van 'n Tuis-adoramus wees. Vandeesweek is die Adoramusdiens deur Willem voorberei. Kliek gerus op dié skakel:-
http://stellastraat.co.za/wp-content/uploads/Adoramus-11-Oktober.pdf
Die gewone Adoramusdienste sal 8 November hervat word.

Die **zoom-Soekligaande** word eers geparkeer. Wanneer ons weer bymekaar kan kom sal ons dié toerustingsgeleenthede voortsit.

Erediens besprekings

Stellastraat het nou 'n nuwe manier om vir die eredienste te bespreek. Kliek gerus op die skakel om deur die registrasie proses te gaan: -
https://forms.gle/sgAdxNtCatdUEBEJ6
Skakel gerus die kerkkantoor as jy sukkel hiermee.

Baie welkom!

Jacobus Pretorius word tydens die 08:30 diens gedoop.

Baie welkom aan al die familie en vriende!

Skuiling vir haweloses in Arcadia

Daar is 'n skuiling vir haweloses in Wesselsstraat in Arcadia. In die skuiling word twintig persone versorg. Stellastraat het onderneem om elke Woensdagaand kos te voorsien aan die haweloses. Sien jy kans om af en toe te help met die kosvoorsiening? Meestal pasta in polistireenbakkies. Of dalk kan jy af en toe op 'n Woensdagaand help om die kos te gaan aflewer? As jy op enige manier kan help, kontak asseblief vir Fay van Eeden 083 478 0854 of Anette Hamann 083 359 6319.



Dankfees 18 Oktober 2020

Aanstaande Sondag is dit Stellastraat se jaarlikse dankfees. Orals in die kerk is daar dankfeeskoeverte. Ook by die Kerkkantoor. Dit is net logistieke probleme wat veroorsaak dat ons nie die koeverte vanjaar aan almal kon pos nie. Dankie dat jy moeite maak om 'n koevert te bekom, en vir jou bydrae vir die dankfees.

Stellastraat se finansies is maar soos baie instansies finansieël onder druk, en ons gaan groter druk ervaar as ons nie die jaarlikse inkomste van R750 000 van die dankfees kan bymekaarmaak nie.

Tydens die dankfeesdiens gaan Nagmaal ook bedien word, en die kerkraad vir 2020/21 gaan ook bevestig word. Volgende Sondagaand se 18:00 erediens in die kerk is ook ons jaarlikse matriekdiens.

Huisgeloofvrae en Jeuggroepe

Huisgeloofvraag
Gesels as gesin oor:
"As vere dan nie die voël maak nie, wat maak dan wel die voël?"
In die Josef-verhaal leer ons hoe die Here se naby-wees Josef dra deur alle omstandighede.
Praat bietjie met mekaar oor verskillende omstandighede waarin julle beleef het dat die Here naby aan julle was.

Jeuggroepe
Ons is baie bly dat die jongmense so opgewonde is om weer in die jeuggroepe by die kerk bymekaar te kom. Soos in die verlede gaan ons weer die temas van die 10:00 diens en die aanddiens as temas vir die jeuggroepe gebruik. Die **Junior jeuggroepe** (laerskool jongmense) kom direk na die 10:00 diens bymekaar. Hulle gaan met mekaar gesels oor ***"Die vere maak nie die voël nie" (Gen 39:16-23)***. Josef se klere het verskil omdat sy omstandighede verskil het. Maar die een ding waarvan hy die heeltyd bewus was, is dat die Here by hom is. Tienie lei die 10:00 diens met die selfde tema. Die **Senior jeuggroepe** kom na die aanddiens (18:00) bymekaar. Hulle gaan met mekaar gesels oor die aktuele tema ***"Etikette is vir bottels – nie vir mense nie".*** Fay gaan die tema in die aanddiens behandel aan die hand van Joh 8:1-11. In die jeuggroepe gaan ons nogsteeds die Covid-protokolle nakom en elke groepleier sal toesien dat die jongmense veilige afstand handhaaf, maskers dra en hande saniteer. Hier is die lys van lokale wat ons Sondag gaan gebruik: **Juniors:** Gr 1 = Bo-vertrek; Gr2-3 = Lushof; Gr 4 = Konsistorie; Gr 5 = Kapel; Gr 6 = Personeelkamer en Gr 7 = kom op Maandae 14:00 in die Lushof bymekaar. **Seniors:** Gr 8 = Personeelkamer; Gr 9 = Lushof; Gr 10 = Biblioteek en die Verbintenisgroep = Konsistorie om 17:00.

Matriekdiens
Wat 'n moeilike jaar was dit nie vir die matrieks nie! Waarskynlik is een van die moeilikste dinge om te verwerk dat hulle nie die Matriekafskeidfunksie gaan beleef nie. In Stellastraat het ons die gebruik om vir al die matrieks in ons gemeente 'n kombersie met die Stellastraatlogo op, te gee (dankie Elna en Andries Pretorius). Ons vra dan die ouers om hierdie kombersies om die jongmense se skouers te hang. Die kombersies wil die jongmense daaraan herinner dat Stellastraat se mense soos 'n kombersie om hulle is en dat hulle as jongmense ook vir ander 'n kombersie kan wees. Volgende Sondag 18 Oktober tydens die aanddiens (18:00) gaan ons vir die ouers en die jongmense hierdie roetemerker gee.

Is jy (dalk) verslaaf aan sosiale media? Dan moet jy 28 Oktober oophou….



'n Baie belangrike geleentheid vir almal wat aan sosiale media verslaaf is!

Op Woensdag 28 Oktober 19:00 gaan ons tydens 'n bottel- en bordaand die fliek ***The Social Dilemma*** bespreek.

Die film, wat in 2020 vrygestel is, wys vir die eerste keer duidelik uit wat die gevare van sosiale media vir mense is. Probeer om die fliek, ***The Social Dilemma***, op Netflix te kyk.

Ons gaan poog om 'n gedeelte daarvan tydens die bymekaarkom te wys.

As jy nie vir Martha in die hande kan kry nie ….

As jy nie vir Martha in die hande kan kry nie, is dit omdat sy haar selfoon verloor het. Hoe dit gebeur het weet sy self nie, maar êrens op die pad na êrens het die selfoon vermoedelik uit haar sak geval. En dit is weg. Is daar nie dalk iemand wat 'n ongebruikte selfoon het, wat jy weet eintlik maar die volgende jaar ongebruik gaan bly, wat jy dalk vir Martha kan gee nie? Kontak vir Anton (083 458 8712) as jy dalk kan help?

En as jy die dominees nie in die hande kan kry nie ….

Die leraars, predikante, dominees, wat-ook-al, is van Maandag tot Woensdag (12-14 Oktober) 'n paar kilometer buite Pretoria om al die stukke op te tel en die jaar wat voorlê te bedink en te beplan. Dit is nou 'n anomalie! Prof Malan Nel is vir die volgende drie weke in die Kaap om te werk en familie op te soek. Hy is bitter lig op wyn. Waar kom jou hulp vandaan? Die dames in die Kerkkantoor is op hulle pos, en kan enige-iets doen – bel hulle gerus!

Meegevoel

Hulda Strydom wat in Perth woon, dogter van Rheda Vreken, is die afgelope week onverwags oorlede. 'n Gedenkdiens word Saterdag vir haar gehou.
James en Wynand du Preez se moeder, **Betsie du Preez**, wat op Kroonstad gewoon het, is die afgelope week oorlede.
At en Betsie Dreyer van Firwoodlaan het weer die week onder 'n geweldadige aanval deurgeloop. Weer eens is ons dankbaar vir die beskerming wat hulle ervaar het!

Nuwe lidmate

Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate by Stellastraat -

Ryan en Michelle Nesbitt van Sappers Contour 492A, Lynnwood.



Verjaarsdae 11 - 17 Oktober

Ons wens graag die volgende lidmate geluk met hul verjaarsdae!

Sondag 11 Oktober:
Hancke Scheepers, Jan van der Merwe, Laurike van Huyssteen, Nina Vorster.

Maandag 12 Oktober:
Carla Basson, Thys Hechter, Herold Kotzé, Dewald Muller, Elsabé Olivier, Johanru Pieterse, Louna Prins, André Roux, Heinrich Snyman, Lukas van der Westhuizen, Gardi van Niekerk.

Dinsdag 13 Oktober:
Emma Bosman, James du Preez, Johan Myburgh, Geo Nel, Nika Nel, Stefan van der Merwe, Emma van Tonder, Kara van Tonder.

Woensdag 14 Oktober:
Liam de Klerk, Fransroux Gerber, Rasmus Laubscher, Lihan Nel, Elbeth Vermaak.

Donderdag 15 Oktober:
Nicolas Alberts, Chane Bezuidenhout, Anél Burroughs, Marike du Plessis, Hugo Hansen, Christa Hofmeyr, Marlise Kroukamp, Ernst Odendaal, Thys Potgieter, Marna Steyn, Elle-Lisa Strydom, Ferdie Truter, Heilie van Staden.

Vrydag 16 Oktober:
Hannes Bezuidenhout, Luané de Klerk, Daniélle de Wet, Cornelia Rood, Hester Sapsford, Anieke Swart, Thelma Swart, Barney Vurgarellis.

Saterdag 17 Oktober:
Wim Diedericks, Paul du Preez, Frik Griesel, Louise Hoffmann, Amé Kloppers, Charl Mocke, Dori Viljoen.

NG Gemeente Stellastraat

Stellastraat 158
Waterkloof
0181

Tel: 012 460 8570
Faks: 086 480 7844
Epos: info@stellastraat.co.za

Bankbesonderhede:
Bank - ABSA
Tjekrekeningnommer
540 580 022
Takkode - 632 005

www.stellastraat.co.za